

5 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 65
Fokusgedeelte: Psalm 65:9

Die Here laat ons juig

'n Mens kan werklik nie anders as om die Here saam met Dawid te loof en te prys as jy hierdie Psalm lees nie. Dit is immers net die Here wat ons van ons sondes kan bevry (vs 3, 4). Dit is net aan Hom te danke dat ons enigsins nader kan kom en die goeie dinge in sy huis in oorvloed kan geniet (vs 5). Ja, Hy alleen is ons Verlosser in en deur ons Here Jesus Christus (vs 6).

Dawid bely in vers 9: "... in die ooste en in die weste laat U die mense juig." Uit jouself kan jy as mens nooit vir God leer ken nie. Die mens is van nature dood in sy sonde. God self moet jou uit jou sondedood wek en jou uit louter genade laat naderkom om in sy tempel te bly.

Eers wanneer jy dit begryp, kan jy die volle heerlikheid van sy krag en sy voorsienigheid beleef. Ja, dit is net as gevolg van die feit dat God jou uitverkies het en deur sy Heilige Gees in Christus lewend gemaak het, dat jy die ware lig kan sien. Nou kan jy sien en beleef dat dit Hy is wat die berge vas laat staan en oorvloed water gee sodat alles welig kan groei en daar genoeg kos vir mens en dier is. Dit is alles God se werk!

Wanneer ons persoonlik die wonder van sy genade begryp en sy voorsienigheid raaksien, sal ons nie daaroor stilbly nie. Ons wil juig, ons moet juig! En as ons begin juig, sal die ander mense, selfs in die verste lande, dit hoor. So sal hulle ook die Here leer ken en saam met ons begin juig.

Sing: Psalm 65:1, 4 (2001)

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)